

BUITENGEWONE
OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA


OFFICIAL GAZETTE
EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGawe OP GESAG

PUBLISHED BY AUTHORITY

20c Vrydag 20 Junie 1980 WINDHOEK Friday 20 June 1980 No. 4184



Goewermentskennisgewing

Government Notice

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

N. J. DAVIN
Sekretaris van Nasionale Vergadering
van Suidwes-Afrika

Windhoek

The following Government Notice is published for general information.

N. J. DAVIN
Secretary of the National Assembly
of South West Africa

Windhoek

No. AG. 69 20 Junie 1980

AFKONDIGING VAN WET VAN NASIONALE VERGADERING

Die volgende Wet, wat ingevolge die Proklamasie op die Nasionale Vergadering, 1979 (Proklamasie AG. 21 van 1979), deur die Nasionale Vergadering van Suidwes-Afrika aangeneem en deur die Administrateur-generaal onderteken is, word hierby afgekondig in gevolge artikel 19 van daardie Proklamasie:-

No. 9 van 1980 Tweede Wysigingswet op Landbou-krediet, 1980

No. AG. 69

20 June 1980

PROMULGATION OF ACT OF NATIONAL ASSEMBLY

The following Act, which has been adopted by the National Assembly of South West Africa and signed by the Administrator-General in terms of the National Assembly Proclamation, 1979 (Proclamation AG. 21 of 1979) is hereby published in terms of section 19 of that Proclamation:-

No. 9 of 1980 Second Agricultural Credit Amendment Act, 1980

Wet No. 9, 1980

TWEEDE WYSIGINGSWET OP LANDBOUKREDIET, 1980*(Afrikaanse teks deur die Administrateur-generaal onderteken op 18 Junie 1980)***WET**

Tot wysiging van die Wet op Landboukrediet, 1966, ten einde voorsiening te maak vir sekere bedinge en voorwaardes waarop bystand by wyse van verhuring van onroerende goed van die Staat met 'n opsie om te koop, deur die Landboukredietraad verleen kan word en vir bykomstige aangeleenthede.

DAAR WORD BEPAAL deur die Nasionale Vergadering van Suidwes-Afrika, soos volg:

Wysiging van artikel 10 van Wet 28 van 1966, soos vervang deur artikel 2 van Wet 45 van 1968 en gewysig deur artikel 5 van Wet 66 van 1970 en artikel 1 van Wet 15 van 1972.

1. Artikel 10 van die Wet op Landboukrediet, 1966, word hierby gewysig —

- (a) deur in subartikel (1) die uitdrukking "subartikel (2)" deur die uitdrukking "subartikels (2) en (2A)" te vervang; en
- (b) deur die volgende subartikel na subartikel (2) in te voeg:

"(2A) Wanneer die raad ingevolge subartikel (1)(b) onroerende goed van die Staat aan iemand verhuur het en terselfdertyd aan so iemand 'n opsie verleen het om daardie goed te koop teen 'n prys (hieronder in hierdie subartikel die koopprys genoem) wat deur die raad bepaal word, is sodanige verhuur van daardie goed onderworpe aan die volgende besondere bedinge en voorwaardes, naamlik —

- (a) die huur strek oor 'n tydperk van veertig jaar vanaf 'n datum wat deur die raad bepaal word;
- (b) geen huurgeld is ten opsigte van die eerste twee jare van die huur betaalbaar nie;
- (c) die jaarlikse huurgeld ten opsigte van die derde en vierde jaar van die huur is 2% van die koopprys;
- (d) die jaarlikse huurgeld ten opsigte van die vyfde jaar en enige verdere tydperk van die huur is 4% van die koopprys."

2. Hierdie Wet heet die Tweede Wysigingswet op Landboukrediet, 1980.

SECOND AGRICULTURAL CREDIT AMENDMENT ACT, 1980 **Act No. 9, 1980**

(Afrikaans text signed by the Administrator-General on 18 June 1980)

ACT

To amend the Agricultural Credit Act, 1966, so as to provide for certain terms and conditions on which assistance may be rendered by the Agricultural Credit Board by letting immovable property of the State with an option to purchase and for matters incidental thereto.

BE IT ENACTED by the National Assembly of South West Africa, as follows:-

1. Section 10 of the Agricultural Credit Act, 1966, is hereby amended —

Amendment of section 10 of Act 28 of 1966, as substituted by section 2 of Act 45 of 1968 and amended by section 5 of Act 66 of 1970 and section 1 of Act 15 of 1972.

(a) by the substitution in subsection (1) for the expression “subsection (2)” of the expression “subsections (2) and (2A)”; and

(b) by the insertion after subsection (2) of the following subsection:

“(2A) Whenever the board in terms of subsection (1)(b) has let immovable property of the State to any person and at the same time has granted an option to such person to purchase such property at a price (hereinafter in this subsection referred to as the purchase price) determined by the board, such lease of such property shall be subject to the following particular terms and conditions, namely —

(a) the lease shall be for a period of forty years as from a date determined by the board;

(b) no rental shall be payable in respect of the first two years of the lease;

(c) the annual rental in respect of the third and fourth years of the lease shall be 2% of the purchase price;

(d) the annual rental in respect of the fifth year and any further period of the lease shall be 4% of the purchase price.”.

2. This Act shall be called the Second Agricultural Credit Amendment Act, 1980. **Short title.**

